DIE PROVINSIE TRANSVAAL
Offisiële Koerant
(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette
(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. 192.] PRYS 5c. PRETORIA, 24 MAART / 24 MARCH 1965. PRICE 5c. [No. 3142.

INHOUD AGTERIN.

CONTENTS ON BACK PAGES.

No. 71 (Administrateurs-). 1965.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Woodmere te stig op Gedelte 113 van die plaas Driefontein No. 87, Registrasie-afdeling I.R., distrik Germiston;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel *twintig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Negende dag van Maart Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 4/8/2172 Vol. 2.

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR ROSEMERE HOLDINGS (PROPRIETARY), LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 113 VAN DIE PLAAS DRIEFONTEIN NO. 87, REGISTRASIE-AFDELING I.R., DISTRIK GERMISTON, TOEGESTAAN IS.

A —STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Woodmere.

2. *Ontwerpplan van die dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.5995/63.

3. *Water.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat—

(*a*) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is;

(*b*) reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is in verband met die lewering van water in (*a*) hierbo genoem en die retikulasie daarvan deur die hele dorp: Met dien verstande dat onderstaande bepalings in sodanige reëlings ingesluit word:—

(i) Dat die applikant 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van die erf moet laat aanlê voordat die planne van 'n gebou wat op die erf opgerig sal word, deur die plaaslike bestuur goedgekeur word;

No. 71 (Administrator's), 1965.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Woodmere on Portion 113 of the farm Driefontein No. 87, Registration Division I.R., District of Germiston;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section *twenty* of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Ninth day of March, One thousand Nine hundred and Sixty-five.

F. H. ODENDAAL,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.D. 4/8/2172 Vol. 2.

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY ROSEMERE HOLDINGS (PROPRIETARY), LIMITED, UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 113 OF THE FARM DRIEFONTEIN NO. 87, REGISTRATION DIVISION I.R., DISTRICT OF GERMISTON, WAS GRANTED.

A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Woodmere.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.5995/63.

3. *Water.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that—

(*a*) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provision for fire-fighting services, is available;

(*b*) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (*a*) above and the reticulation thereof throughout the township; provided that such arrangements shall include the following provisions:—

(i) That before the plans of any building to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicant shall cause a suitable supply of water to be laid on to the street frontage of the erf;

(ii) dat alle koste van, of in verband, met die installering van 'n installasie en toebehore vir die lewering, opgaar, indien nodig, en die retikulasie van die water deur die applikant gedra moet word en die applikant is ook aanspreeklik om sodanige installasie en toebehore in 'n goeie toestand te onderhou tot tyd en wyl hulle deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat, indien die plaaslike bestuur vereis dat die applikant 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is, moet installeer, die ekstra koste wat daardeur meegebring word, deur die plaaslike bestuur gedra moet word;

(iii) dat die plaaslike bestuur daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem, op voorwaarde dat ses maande kennis gegee moet word: Met dien verstande dat die applikant gelde vir water wat gelewer word teen 'n tarief deur die plaaslike bestuur goedgekeur, kan vorder tot tyd en wyl die plaaslike bestuur genoemde waterlewering oorneem;

(c) die applikant geskikte waarborge aan die plaaslike bestuur verstrek het met betrekking tot die nakoming van sy verpligtings kragtens bostaande reëlings.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings tussen die applikant en die plaaslike bestuur getref, uiteengesit word met spesiale vermelding van die waarborge in subparagraaf (c) genoem, moet tesame met genoemde sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. *Sanitêre dienste.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van afvalwater en vullisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. *Elektrisiteit.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die lewering en distribusie van elektrisiteit deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Begraafplaas-, stortings- en Bantoelokasieterreine.*

Die applikant moet tot voldoening van die Administrateur met die plaaslike bestuur reëlings tref ten opsigte van die verskaffing van 'n stortingsterrein en terreine vir 'n begraafplaas en 'n Bantoelokasie. As sodanige verskaffing bestaan uit grond aan die plaaslike bestuur oorgedra te word, is die oordrag daarvan nie onderworpe aan voorwaardes waarby die gebruik of die reg van vervreemding daarvan deur die plaaslike bestuur, beperk word nie.

7. *Mineraleregte.*

Alle regte op minerale en edelgesteentes, met inbegrip van alle regte wat by die pagvry-grondbesitter berus of hierna kan berus word aan die applikant voorbehou.

8. *Kansellasie van bestaande titelvoorwaardes.*

Die applikant moet die volgende voorwaardes op eie koste laat ophef:—

A. Met betrekking tot beide Gedeeltes 70 en 95 (gedeeltes van gedeelte):—

(1) The land or any portion thereof shall not be transferred, leased or in any other manner assigned or disposed of to any coloured person and no coloured person other than the servant of the owner or occupier, bona fide, and necessarily employed on the land, shall be

(ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery, storage, if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicant, who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority. Provided that if the local authority requires the applicant to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority;

(iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time subject to the giving of six months' notice: Provided that until the local authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;

(c) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of its obligations under the above-mentioned arrangements.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in sub-paragraph (c) shall accompany the certificate as an Annexure thereto.

4. *Sanitation.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse. A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an Annexure thereto.

5. *Electricity.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an Annexure thereto.

6. *Cemetery, Depositing and Bantu Location Sites.*

The applicant shall make arrangements with the local authority to the satisfaction of the Administrator in regard to the provision of a depositing site and sites for a cemetery and Bantu location. Should such provision consist of land to be transferred to the local authority, transfer thereof shall be free of conditions restricting the use or the right of disposal thereof by the local authority.

7. *Mineral Rights.*

All rights to minerals and precious stones together with all rights which may be or become vested in the freehold owner shall be reserved to the applicant.

8. *Cancellation of Existing Conditions of Title.*

The applicant shall at its own expense cause the following conditions to be cancelled:—

A. In respect of both Portions 70 and 95 (portions of portion):—

(1) The land or any portion thereof shall not be transferred, leased or in any other manner assigned or disposed of to any Coloured person and no Coloured person other than the servant of the owner or occupier, bona fide, and necessarily employed on the land, shall be permitted

permitted to reside thereon or in any other manner to occupy the same. The term "Coloured person" shall mean any African or Asiatic Native, Cape Malay or any person who is manifestly a coloured person and shall include any partnership or company (whether incorporated or otherwise) in which the management or control is directly or indirectly held by or vested in any such person.

(2) No noxious industry of any nature whatsoever shall be opened or conducted on the land without the written consent of Witwatersrand Gold Mining Company, Limited, being first had and obtained "Noxious Industry" shall mean any industry which is likely to be injurious to the health of or offensive or a nuisance to other users of land.

B. Met betrekking tot Gedeelte 95 ('n gedeelte van gedeelte):—

The property hereby transferred is subject to a servitude whereby the right was granted to The Victoria Falls and Transvaal Power Company Limited to convey electricity over the said property together with ancillary rights and subject to conditions, as will more fully appear from Notarial Deed of Servitude No. 574/34S which rights were ceded to the Electricity Supply Commission by Notarial Deed of Cession No. 614/52S and which servitude is represented by the straight lines lettered de, fg, gh, on the annexed diagram S.G. No. A.4977/59, insofar as it affects Erf No. 88 and park No. 167.

9. *Konsolidasie van samestellende gedeeltes.*

Die applikant moet die samestellende gedeeltes waaruit die dorpsgebied bestaan, op eie koste laat konsolideer.

10. *Strate.*

(*a*) Die applikant moet die strate in die dorp vorm en skraap tot voldoening van die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die Administrateur geregtig is om die applikant na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur van tyd tot tyd geheel en al of gedeeltelik van hierdie verpligting te onthef.

(*b*) Die applikant moet op eie koste alle hindernisse soos geboue, heinings, bome en boomstompe van die padreserwes laat verwyder tot voldoening van die plaaslike bestuur.

(*c*) Die strate moet tot voldoening van die plaaslike bestuur name gegee word.

11. *Skenking.*

Die applikant moet, onderworpe aan die voorbehoudsbepalings van paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *sewe-en-twintig* van Ordonnansie No. 11 van 1931, as 'n skenking aan die plaaslike bestuur 'n bedrag betaal gelykstaande met 15% (vyftien persent) van slegs die grondwaarde van alle erwe wat deur die applikant verkoop, veruil of geskenk of op enige ander manier van die hand gesit word (uitgesonderd erwe oorgedra ingevolge artikel *vier-en-twintig* van daardie Ordonnansie), sodanige waarde bereken te word soos op die datum van die afkondiging van die proklamasie indien erwe voor sodanige afkondiging van die hand gesit is of soos op die datum van sodanige van die hand sit indien die erwe na sodanige afkondiging van die hand gesit word, en vasgestel te word op die wyse uiteengesit in genoemde paragraaf (*d*).

Die applikant moet geouditeerde, gedetailleerde kwartaalstate, tesame met die bedrag wat daarop aangewys word as verskuldig aan die plaaslike bestuur, verstrek. Die plaaslike bestuur of enige beampte deur hom behoorlik daartoe magtiging verleen, besit die reg om op alle redelike tye die applikant se boeke betreffende die verkoop van erwe in die dorp te inspekteer en te ouditeer. Op versoek van genoemde plaaslike bestuur of beampte moet die applikant alle boeke en stukke wat vir sodanige inspeksie en ouditering nodig is, voorlê. Indien geen sodanige gelde gedurende enige tydperk van drie maande ontvang is nie, kan die plaaslike bestuur 'n verklaring waarin melding hiervan gemaak word, in plaas van 'n geouditeerde staat aanneem.

to reside thereon or in any other manner to occupy the same. The term "Coloured person" shall mean any African or Asiatic Native, Cape Malay or any person who is manifestly a Coloured person and shall include any partnership or company (whether incorporated or otherwise) in which the management or control is directly or indirectly held by or vested in any such person.

(2) No noxious industry of any nature whatsoever shall be opened or conducted on the land without the written consent of Witwatersrand Gold Mining Company, Limited, being first had and obtained. "Noxious Industry" shall mean any industry which is likely to be injurious to the health of or offensive or a nuisance to other users of land.

B. In respect of Portion 95 (a portion of portion):—

The property hereby transferred is subject to a servitude whereby the right was granted to The Victoria Falls and Transvaal Power Company, Limited, to convey electricity over the said property together with ancillary rights and subject to conditions, as will more fully appear from Notarial Deed of Servitude No. 574/34S which rights were ceded to the Electricity Supply Commission by Notarial Deed of Cession No. 614/52S and which servitude is represented by the straight lines lettered de, fg, gh, on the Annexed Diagram S.G. No. A.4977/59, in so far as it affects Erf No. 88 and Park No. 167.

9. *Consolidation of Component Portions.*

The applicant shall, at its own expense cause the component portions comprising the township area to be consolidated.

10. *Streets.*

(*a*) The applicant shall form, grade and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partly from this obligation after reference to the Townships Board and the local authority.

(*b*) The applicant shall at its own expense remove all obstacles such as buildings, fences, trees and tree stumps from the street reserves to the satisfaction of the local authority.

(*c*) The streets shall be named to the satisfaction of the local authority.

11. *Endowment.*

The applicant shall, subject to the provisos to paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *twenty-seven* of Ordinance No. 11 of 1931, pay as an endowment to the local authority an amount representing 15% (fifteen per cent) on land value only of all erven disposed of by the applicant by way of sale, barter or gift or in any other manner (other than erven transferred in terms of section *twenty-four* of that Ordinance), such value to be calculated as at the date of the promulgation of the township in the event of the erven having been disposed of prior to such promulgation or as at the date of such disposal in the event of the erven being disposed of after such promulgation and to be determined in the manner set out in the said paragraph (*d*).

Quarterly audited detailed statements shall be rendered by the applicant to the local authority and shall be accompanied by a remittance for the amount shown to be due to the local authority. The local authority, or any official duly authorised thereto by it, shall have the right to inspect and audit the applicant's books at all reasonable times relative to the disposal of erven in the township. If so required by the said local authority, or official, the applicant shall produce all such books and papers as may be necessary for such inspection and audit. If no such moneys have been received during any quarterly period the local authority may, in lieu of an audited statement, accept a statement to that effect.

12. *Grond vir Staats- en ander doeleindes.*

Die volgende erwe, soos aangedui op die algemene plan, moet deur en op koste van die applikant aan die betrokke owerhede oorgedra word:—

(*a*) Vir Staatsdoeleindes:—

Onderwys: Erwe Nos. 101 tot 108.

(*b*) Vir Munisipale Doeleindes:—

(i) Algemeen: Erf No. 149.

(ii) As parke: Erwe Nos. 165-167.

(LET WEL.—Toegang tot Erf No. 167 word beperk tot slegs die suidelike grens daarvan.)

(iii) As transformatorterreine: Erwe Nos. 38, 84 en 132.

13. *Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud op mineraleregte maar sonder inbegrip van:—

(*a*) Die volgende serwitute wat in strate in die dorp val:—

(i) The property hereby transferred is subject to a servitude in perpetuity for roadway purposes in favour of the City Council of Germiston as will more fully appear from Notarial Deed No. 603/1959S registered on the 13th June, 1959.

(ii) The property hereby transferred is subject to a servitude whereby the right was granted to the Victoria Falls and Transvaal Power Company, Ltd., to convey electricity over the said property, together with ancillary rights and subject to conditions, as will more fully appear from Notarial Deed No. 16/1931S registered on the 26th January, 1931, which rights were ceded to the Electricity Supply Commission by Notarial Deed of Cession No. 614/52S and which servitude is represented by the figure A.a.b.c.M.N. (called Portion S2 of portion) on the amended diagram S.G. No. A. 4977/59.

(*b*) die volgende serwitute wat nie die dorpsgebied raak nie:—

(i) The remaining extent of portion of the aforesaid farm, measuring as such 1102·7031 morgen (a portion of which is hereby transferred) is subject to a servitude in perpetuity in favour of the Town Council of Germiston as will more fully appear from Notarial Deed No. 585/43S registered on the 9th October, 1943.

(ii) The remaining extent of portion of the said farm measuring as such 890·4614 morgen (a portion of which is hereby transferred) is subject to a servitude 10 (ten) feet wide vide diagram S.G. No. A.4979/59 for constructing and maintaining a main underground sewer pipeline in favour of the City Council of Germiston, together with ancillary rights and subject to conditions, as will more fully appear from Notarial Deed No. 419/1961S registered on the 18th April, 1961.

(*c*) Die volgende reg wat nie aan eienaars van erwe in die dorp oorgedra sal word nie:—

The owner of the remaining extent of portion of the aforesaid farm, measuring as such 1017·4530 morgen (a portion of which is hereby transferred) is entitled to a strip of ground 20 feet in width over Portion 77 (a portion of portion) of the said farm held under Deed of Transfer No. 14102/1948, which strip of ground is indicated by the letters F G H L M N on diagram S.G. No. A.1939/46 and is for the purpose of providing access to the aforesaid remaining extent, and no buildings or other structures of any description shall be erected or suffered to exist on the aforesaid strip.

12. *Land for State and Other Purposes.*

The following erven, as shown on the General Plan shall be transferred to the proper authorities by and at the expense of the applicant:—

(*a*) For State purposes:—

Educational: Erven Nos. 101 to 108.

(*b*) For municipal purposes:—

(i) General: Erf No. 149.

(ii) As parks: Erven Nos. 165 to 167.

(*Note.*—Access to Erf No. 167 is restricted to its southerly boundary only.)

(iii) As transformer sites: Erven Nos. 38, 84 and 132.

13. *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven must be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding:—

(*a*) The following servitudes which fall in streets in the township:—

(i) The property hereby transferred is subject to a servitude in perpetuity for roadway purposes in favour of the City Council of Germiston as will more fully appear from Notarial Deed No. 603/1959S, registered on the 13th June, 1959.

(ii) The property hereby transferred is subject to a servitude whereby the right was granted to the Victoria Falls and Transvaal Power Company, Ltd., to convey electricity over the said property, together with ancillary rights and subject to conditions, as will more fully appear from Notarial Deed No. 16/1931S, registered on the 26th January, 1931, which rights were ceded to the Electricity Supply Commission by Notarial Deed of Cession No. 614/52S and which servitude is represented by the figure A.a.b.c.M.N. (called Portion S2 of portion) on the amended Diagram S.G. No. A.4977/59.

(*b*) The following servitudes which do not affect the township area:—

(i) The remaining extent of portion of the aforesaid farm, measuring as such 1102·7031 morgen (a portion of which is hereby transferred) is subject to a servitude in perpetuity in favour of the Town Council of Germiston as will more fully appear from Notarial Deed No. 585/43S, registered on the 9th October, 1943.

(ii) The remaining extent of portion of the said farm measuring as such 890·4614 morgen (a portion of which is hereby transferred) is subject to a servitude 10 (ten) feet wide vide Diagram S.G. No. A.4979/59 for constructing and maintaining a main underground sewer pipeline in favour of the City Council of Germiston, together with ancillary rights and subject to conditions, as will more fully appear from Notarial Deed No. 419/1916S, registered on the 18th April, 1961.

(*c*) The following right which will not be passed on to owners of erven in the township:—

The owner of the remaining extent of portion of the aforesaid farm, measuring as such 1017·4530 morgen (a portion of which is hereby transferred) is entitled to a strip of ground 20 feet in width over Portion 77 (a portion of portion) of the said farm held under Deed of Transfer No. 14102/1948, which strip of ground is indicated by the letters F G H L M N on Diagram S.G. No. A.1939/46 and is for the purpose of providing access to the aforesaid remaining extent, and no buildings or other structures of any description shall be erected or suffered to exist on the aforesaid strip.

14. *Toegang.*

Toegang van die dorp af tot Provinsiale Pad No. P.38-1 word beperk tot die kruising van Oaklaan, Beechlaan en Barbaraweg met Provinsiale Pad No. P.38-1.

15. *Oprigting van Heining of ander fisiese Versperring.*

Die applikant moet op eie koste 'n heining of ander fisiese versperring tot voldoening van die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement wanneer en waar hy deur hom daartoe versoek word en die applikant moet sodanige heining of fisiese versperring in 'n goeie toestand onderhou tot tyd en wyl hierdie aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die applikant se aanspreeklikheid om sodanige heining of fisiese versperring te onderhou sal ophou wanneer die aanspreeklikheid vir die onderhoud van die strate deur die plaaslike bestuur oorgeneem word.

16. *Installering van skermtoestelle.*

Indien dit te eniger tyd na die mening van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie of ingevolge Statutêre Regulasies nodig bevind sou word om as gevolg van die stigting van die dorp Woodmere enige skermtoestelle aan te bring met betrekking tot die Elektrisiteitsvoorsingskommissie se bogrondse kraglyn en/of ondergrondse kabel, gehou onder Notariële Akte van Serwituut No. 16/1931S, of om enige veranderings aan genoemde bogrondse kraglyn of ondergrondse kabel aan te bring, dan moet die koste verbonde aan die installering van sodanige skermtoestelle en/of aanbring van veranderings aan genoemde bogrondse kraglyn of ondergrondse kabel, deur die applikant gedra word.

17. *Nakoming van voorwaardes.*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B—TITELVOORWAARDES.

1. *Die erwe met sekere uitsonderings.*

Die erwe uitgesonderd—

(i) die erwe in klousule A 12 hiervan genoem;
(ii) erwe wat vir Staats- of Provinsiale doeleindes verkry mag word; en
(iii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry mag word, mits die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het—

is onderworpe aan onderstaande verdere voorwaardes:—

(A) *Algemene voorwaardes.*

(*a*) Die applikant en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administarteur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931 nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.

(*b*) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die aantreklikhede van die omgewing benadeel nie.

(*c*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg, om behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.

(*d*) Behalwe met die toestemming van die plaaslike bestuur mag geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture op die erf aangehou of op stal gesit word nie.

(*e*) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene mag op die erf opgerig word nie.

14. *Access.*

Access from the township to Provincial Road No. P.38-1 is restricted to the intersections of Oak Avenue, Beech Avenue and Barbara Road with Provincial Road No. P.38-1.

15. *Erection of Fence or Other Physical Barrier.*

The applicant shall at its own expense erect a fence or other physical barrier to the satisfaction of the Director, Transvaal Roads Department where and when required to do so by him and the applicant shall maintain such fence or physical barrier in good order and repair until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the applicant's responsibility to maintain such fence or physical barrier shall cease when the responsibility for the maintenance of the streets is taken over by the local authority.

16. *Installation of Protecting Devices.*

If at any time in the opinion of the Electricity Supply Commission or in terms of Statutory Regulation it should be found necessary by reason of the establishment of Woodmere Township to install any protective devices in respect of the Electricity Supply Commission's overhead power line and/or underground cable, held under Notarial Deed of Servitude No. 16/1931S or to carry out any alterations to the said overhead power line or underground cable, then the cost of installing such protective devices and/or carrying out such alterations to the said overhead power line or underground cable, shall be borne by the applicant.

17. *Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B—CONDITIONS OF TITLE.

1. *The Erven with Certain Exceptions.*

The erven with the exception of—

(i) the erven mentioned in clause A 12 hereof;
(ii) such erven as may be acquired for State or Provincial purposes; and
(iii) such erven as may be acquired for municipal purposes, provided the Administrator, after consultation with the Townships Board, has approved the purposes for which such erven are required—

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:—

(A) *General Conditions.*

(*a*) The applicant and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator, shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.

(*b*) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.

(*c*) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.

(*d*) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities' Pounds Regulations shall be kept or stabled on the erf.

(*e*) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.

(*f*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(*g*) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat af te voer is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pypiyn of afleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.

B. *Algemene woonerwe.*

Benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit, is Erwe Nos. 37 en 85 onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

(*a*) Die erf moet uitsluitlik gebruik word om daarop 'n woonhuis of 'n woonstelgebou, losieshuis, koshuis of ander geboue vir sodanige gebruik as wat van tyd tot tyd deur die Administrateur toegelaat word, na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, op te rig: Met dien verstande dat wanneer die dorp binne die gebied van 'n goedgekeurde Dorpsaanlegskema opgeneem word, die plaaslike bestuur ander geboue waarvoor in die Skema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die Skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word en voorts met dien verstande dat—

(i) die geboue nie meer as twee verdiepings hoog mag wees totdat die erf met 'n openbare vuilrioolstelsel verbind is nie;

(ii) die geboue op die erf nie meer as 50 persent van die oppervlakte van die erf mag beslaan nie, uitgesonderd buitegeboue wat nie meer as 20 persent van die oppervlakte van die erf mag beslaan nie.

(*b*) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of vóór, die oprigting van die buitegeboue opgerig word.

(*c*) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 25 voet van die straatgrens geleë wees.

(*d*) Ingeval 'n woonhuis op die erf opgerig word, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is op die erf opgerig word nie, behalwe met die toestemming van die Administrateur: Met dien verstande dat, as die erf onderverdeel word of as sodanige erf of enige gedeelte daarvan, met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde gebied toegepas kan word. Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitgeboue, wat op die erf opgerig gaan word moet minstens R4,500 wees.

(*e*) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

(C) *Spesiale Besigheidserwe.*

Benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit, is erwe Nos. 34, 35 en 36 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Die erf moet slegs gebruik word vir handels- of besigheidsdoeleindes: Met dien verstande dat dit nie gebruik mag word vir 'n pakhuis, of 'n

(*f*) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(*g*) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher-lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher-lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower-lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipe line or drain which the owner of such lower-lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

(B) *General Residential Erven.*

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erven Nos. 37 and 85 shall be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf shall be used solely for the purpose of erecting thereon a dwelling-house or a block of flats, boarding-house, hostel or other buildings for such uses as may be allowed by the Administrator from time to time after reference to the Townships Board and the local acthority: Provided that when the township is included within the area of an approved Town-planning Scheme the local authority may permit such other buildings as may be provided for in the Scheme, subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required and: Provided further that—

(i) until the erf is connected to a public sewerage system the buildings shall not exceed two storeys in height;

(ii) the buildings on the erf shall not occupy more than 50 per cent of the area of the erf, exclusive of outbuildings which shall not occupy more than 20 per cent of the area of the erf.

(*b*) The main building which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(*c*) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 25 feet from the boundary thereof abutting on a street.

(*d*) In the event of a dwelling-house being erected on the erf not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf except with the consent of the Administrator: Provided that if the erf is subdivided or if such erf or any portion thereof is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area. The dwelling-house exclusive of outbuildings to be erected on the erf shall be of the value of not less than R4,500.

(*e*) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

(C) *Special Business Erven.*

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erven Nos. 34, 35 and 36 shall be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf shall be used for trade or business purposes only: Provided that it shall not be used for a warehouse, or a place of amusement or assembly,

vermaaklikheids- of vergaderplek, garage, nywerheidsperseel of 'n hotel nie: Voorts met dien verstande dat—

(i) die gebou nie meer as twee verdiepings hoog mag wees tot dat dit erf met 'n publieke vuilrioolstelsel verbind is nie en daarna nie meer as drie verdiepings nie;

(ii) die boonste verdieping of verdiepings vir woondoeleindes gebruik kan word;

(iii) die geboue op die erf nie meer as 70 persent van die oppervlakte van die erf mag beslaan nie.

(*b*) Behoudens die bepalings van enige wet, verordening of regulasie en subklousule (*a*) hiervan, is daar geen beperking wat die aantal winkels of besighede betref wat op die erf opgerig of gedryf kan word nie: Met dien verstande dat geen besigheid van 'n Bantoe-eethuis van watter aard ook al op die erf gedryf mag word nie.

(*c*) Geen hinderlike bedryf soos omskryf òf in artikel *vyf-en-negentig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, òf in 'n dorpsaanlegskema wat op die gebied van toepassing is, mag op die erf gedryf word nie.

(*d*) Die besigheidsgeboue moet gelyktydig met, of vóór, die buitegeboue opgerig word.

(D) *Spesiale woonerwe.*

Die erwe, met uitsondering van dié in subklousule (B) en (C) genoem is, benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek vir openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat wanneer die dorp binne die gebied van 'n goedgekeurde Dorpsaanlegskema opgeneem word, die plaaslike bestuur ander geboue waarvoor in die Skema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die Skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.

(*b*) Uitgesonderd met die toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes kan stel as wat hy nodig ag, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, op die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as sodanige erf of enige gedeelte daarvan met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde gebied toegepas kan word.

(i) Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue, wat op die erf opgerig gaan word moet minstens R4,500 wees.

(ii) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi gaan word nie, moet gelyktydig met, of vóór, die oprigting van die buitegeboue opgerig word.

(*c*) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 25 voet van die straatgrens daarvan geleë wees: Met dien verstande dat met betrekking tot 'n erf wat aan twee of meer strate grens, die 25 voet-boulynbeperking van toepassing is met betrekking tot die hoofaansig en die 15 voet-boulynbeperking tot die keeraansig of -aansigte.

(*d*) Indien die erf omhein of op enige ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

garage, industrial premises or an hotel and: Provided further that—

(i) until the erf is connected to a public sewerage system the building shall not exceed two storeys and thereafter not more than three storeys in height;

(ii) the upper floor or floors may be used for residential purposes;

(iii) the buildings on the erf shall not occupy more than 70 per cent of the area of the erf;

(*b*) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation and sub-clause (*a*) hereof there shall be no limitation of the number of shops or businesses that may be established or conducted on the erf: Provided that no business of a Bantu Eating-house of any description shall be conducted on the erf.

(*c*) No offensive trade as specified either in section *ninety-five* of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, or in a Town-planning Scheme in operation in the area may be carried on upon the erf.

(*d*) The business premises shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(D) *Special Residential Erven.*

The erven with the exception of those referred to in sub-clause (B) and (C) shall, in addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that when the township is included within the area of an approved Town-planning Scheme the local authority may permit such other buildings as may be provided for in the Scheme subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required.

(*b*) Except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary, not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or if such erf or any portion thereof is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.

(i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than R4,500;

(ii) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with, or before, the erection of the outbuildings.

(*c*) Buildings, including outbuildings hereafter erected on the erf, shall be located not less than 25 feet from the boundary thereof abutting on a street: Provided that in respect of an erf abutting on two or more streets the 25 feet building line restriction shall apply in respect of the main frontage and the 15 feet building line restriction shall apply in respect of the return frontage or frontages.

(*d*) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

2. *Erwe aan spesiale voorwaardes onderworpe.*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is ondergenoemde erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) *Erwe Nos.* 1, 5, 10, 12, 14, 16, 18, 23, 55, 57, 112 *tot* 118, 120, 121 *en* 122.—Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes, 20 voet breed, ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangedui op die algemene plan.

(*b*) *Erwe Nos.* 90, *tot* 99, 136 *tot* 138, *en* 140 *tot* 147.—Toegang tot die erf word beperk tot slegs die oostelike grens daarvan.

(*c*) *Erf No.* 135.—Toegang tot die erf word beperk tot slegs die oostelike helfte van sy noordelike grens.

(*d*) *Erf No.* 148.—Toegang tot die erf word beperk tot slegs die oostelike helfte van sy suidelike grens.

(*e*) *Erf No.* 139.—Toegang tot die erf word beperk tot slegs die noordelike en oostelike grense.

(*f*) *Erwe Nos.* 138, 139 *en* 140.—Indien Erwe Nos. 138, 139 en 140 gekonsolideer word kan die gekonsolideerde erf gebruik word vir die doeleindes van 'n verpleeginrigting of vir doeleindes in verband daarmee.

(*g*) *Erf No.* 37.—Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir elektriese kabeldoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos op die algemene plan aangedui.

(*h*) *Erf No.* 100.—Toegang tot die erf word beperk tot slegs sy oostelike grens en die oostelike helfte van sy suidelike grens.

3. *Serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes.*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is die erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ses voet breed, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs slegs een van sy grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos deur die plaaslike bestuur bepaal.

(*b*) Geen gebou of ander struktuur mag binne voornoemde serwituutsgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 6 voet daarvan geplant word nie.

(*c*) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke as wat hy volgens goeddunke as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op die grond wat aan voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

4. *Woordomskrywing.*

33. If any consignment or part thereof is not sold on the third day after the arrival thereof on the market a, storage charge shall be payable thereafter in accordance with the following tariff per day: —

Single layer trays: 1 cent for 10 or part thereof.
Double layer trays or half lugs: 1 cent for 5 or part thereof.
Multi-layer boxes: 1 cent for 2 or part thereof.
Standard tomato boxes: 1 cent for 10 or part thereof.
Paw-paw boxes: 1 cent for 5 or part thereof.
Crates: 1 cent for 1 or part thereof.
Bushel baskets: 1 cent for 1 of part thereof.
Bags, 77 lbs. or more: 1 cent for 1 or part thereof.
Pockets, 41 lbs. to 76 lbs.: 1 cent for 2 or part thereof.
Pockets, 1 lb. to 40 lbs.: 1 cent for 5 or part thereof.

Storage Charges—Fodder Section.

34. Notwithstanding the provisions of section 33 a storage charge of 10c (ten cents) per day per 50 (fifty) bales of fodder or portion thereof shall be payable in respect of all consignments of fodder to the market; such storage charge to operate on and after the fifth day of arrival of such consignments of fodder on the market.

Cold Storage and Ripening.

35. (1) The Council may undertake the cold storage and ripening of articles, at the tariffs laid down in subsection (2), to be paid by the person requiring such

sodanige berg- en rypmaakgeriewe verlang, betaal moet word op die wyse en tydstip wat die Markmeester bepaal.

(2) (*a*) Die tariewe per week of gedeelte daarvan vir koelbewaring en rypmaak is: —

Enkellaagplatkissies: 1 sent elk.
Dubbellaagplatkissies: 2 sent elk.
Halwe plukkissies: 2 sent elk.
Standaardtamatiekissies: 2 sent elk.
Uitvoerdruiwekissies: 2 sent elk.
Standaardpapajakissies: 2 sent elk.
Standaardappelkissies of kissies van soortgelyke grootte: 3 sent elk.
Standaardpeerkissies of kissies van soortgelyke grootte: 3 sent elk.
Pynappelkissies: 3 sent elk.
Uitvoersitruskissies of kissies van soortgelyke grootte: 3 sent elk.
Uitvoereierkissies of kissies van soortgelyke grootte: 4 sent elk.
Paraffienkissies of kissies van soortgelyke grootte: 5 sent elk.
Kratte: 15 sent elk.
Sakke (77 lb. of meer): 10 sent elk.
Sakkies (41 lb. tot 76 lb.): 5 sent elk.
Sakkies (1 lb. tot 40 lb.): 2 sent elk.
Waatlemoene: 1 sent elk.

(*b*) Wanneer artikels in kartonhouers verpak is, geld die tarief wat vir 'n kissie of platkissie van soortgelyke grootte gestipuleer is.

(3) Alle artikels wat in die koelbewaring- of rypmaakkamer geplaas word, is geheel en al vir die risiko van die persoon wat sodanige opberg- of rypmaakgeriewe verlang, en nòg die Raad nòg die Markmeester is aanspreeklik vir enige verlies van of skade aan enige artikel terwyl dit in die koelbewaring- of rypmaakkamer is.

Die gebruik van stootkarretjies en ander vervoermiddels in die marksaal.

36. (1) Geen stootkarretjie of ander vervoermiddel behalwe dié wat deur die Raad verskaf en vir die vervoer van produkte na en van die laaivakke of vir enige ander doel gebruik word, word in die marksaal toegelaat nie.

(2) Die tarief vir die huur van elke stootkarretjie wat deur die Markmeester verskaf word, is 20c (twintig sent) per dag of deel daarvan en is vooruitbetaalbaar.

Registrasie van kruiers of draers.

37. (1) Niemand mag teen huur as kruier of draer op die mark optree nie tensy hy behoorlik as sodanig teen 25c per week of gedeelte daarvan by die Markmeester geregistreer is.

(2) Enigiemand wat teen huur as kruier of draer op die mark optree moet 'n genommerde oorpak dra soos deur die Markmeester gelas word.

(3) Geen kruier of draer op die mark mag te eniger tyd wanneer hy nie gehuur of te huur is op enige deel van die mark wees nie behalwe in 'n afskorting of gebied wat deur die Markmeester vir daardie doel gereserveer is.

(4) Geen kruier of draer op die mark mag homself te huur aanbied of huur werf deur te skree of 'n koper of 'n waarskynlike koper aanhoudend te volg, of in gebreke bly om sy persoon en klere in 'n skoon en netjiese toestand tot bevrediging van die Markmeester te hou nie.

(5) 'n Geregistreerde kruier of draer wat subartikel (4) oortree moet deur die Markmeester gelas word om die mark te verlaat en sodanige kruier of draer se registrasie kan deur die Markmeester gekanselleer word.

Afsondering van 'n gedeelte of gedeeltes van die mark vir die uitsluitlike gebruik deur Blanke of nie-Blanke groepe.

38. (1) Die Raad kan, onderworpe aan die bepalings van die Wet op Groepsgebiede, No. 77 van 1957, of enige ander toepaslike wet, te eniger tyd 'n gedeelte of gedeeltes van die mark afsonder vir die uitsluitlike gebruik deur lede van die publiek wat tot òf die Blanke òf die nie-Blanke groep behoort.

storage or ripening facilities, in such a manner and at such time as may be determined by the Market Master.

(2) (*a*) Tariffs per week or part thereof for cold storage and ripening shall be: —

Single layer trays: 1 cent each.
Double layer trays: 2 cents each.
Half lugs: 2 cents each.
Standard tomato boxes: 2 cents each.
Export grape boxes: 2 cents each.
Standard paw-paw boxes: 2 cents each.
Standard apple boxes or boxes of similar size: 3 cents each.
Standard pear boxes or boxes of similar size: 3 cents each.
Pineapple boxes: 3 cents each.
Export citrus boxes or boxes of similar size: 3 cents each.
Export egg boxes or boxes of similar size: 4 cents each.
Paraffin boxes or boxes of similar size: 5 cents each.
Crates: 15 cents each.
Bags (77 lb. or more): 10 cents each.
Pockets (41 lb. to 76 lb.): 5 cents each.
Pockets (lb. to 40 lb.): 2 cents each.
Watermelons: 1 cent each.

(*b*) Where articles are packed in cartons, the tariff shall be as laid down for box or tray of similar size.

(3) All articles placed in cold storage or in the ripening chamber shall be at the entire risk of the person requiring such storage or ripening facilities, and no liability shall devolve on the Council or Market Master in respect of any loss of or damage to any article whilst in cold storage or ripening chamber.

Use of Handcarts or Other Vehicles in the Market Hall.

36. (1) No handcart or other vehicle save and except those supplied by the Council and used for the purpose of transporting produce to or from the loading bays or for any other purpose shall be allowed in the market hall.

(2) The tariff for the hire of each handcart supplied by the Market Master shall be 20c (twenty cents) per day or part thereof, payable in advance.

Registration of Porters or Carriers.

37. (1) No person shall ply for hire as a porter or carrier on the market unless he is duly registered as such by the Market Master at a fee of 25c per week or part thereof.

(2) Any person plying for hire as a porter or carrier on the market shall wear a numbered overall as directed by the Market Master.

(3) No porter or carrier on the market shall, at any time while he is not engaged or plying for hire, be upon any portion of the market other than an enclosure or other area set aside by the Market Master for such purpose.

(4) No porter or carrier on the market shall ply or canvass for hire by shouting or by persistently following a buyer or prospective buyer or fail to keep his person and clothing in a clean and tidy condition to the satisfaction of the Market Master.

(5) A registered porter or carrier contravening subsection (4) shall be ordered off the market by the Market Master and the registration of such porter or carrier may be cancelled by the Market Master.

Setting Apart Portion or Portions of Market for Exclusive use of White or non-White Groups.

38. (1) The Council may, subject to the provisions of the Group Areas Act No. 77 of 1957 or any other relevant law, at any time set apart any portion or portions of the market for the exclusive use of members of the public belonging to White on non-White groups.

(2) Enige lid van 'n bepaalde groep wat, nadat so 'n aparte gedeelte of gedeeltes van die mark afgesonder is, gebruik maak van 'n gedeelte of gedeeltes wat vir die ander groep afgesonder is, is skuldig aan 'n misdryf.

(3) Hierdie artikel is nie van toepassing op die Markmeester of enige persoon op die mark wat in die loop en binne die bestek van sy pligte as 'n werknemer van die Raad of enige Staatsdepartement of enige beheerraad wat betrokke is by artikels wat op die mark verkoop of van die hand gesit word of van 'n markagent en sy personeel optree nie.

Veilings deur Markmeester.

39. Elke artikel wat te koop aangebied of per openbare veiling verkoop word moet deur die Markmeester opgeveil word of deur iemand wat deur hom daartoe gemagtig is, en niemand anders mag enige veiling organiseer of hou nie.

Persone wat binne afskortings toegelaat word.

40. Niemand, behalwe 'n markamptenaar, markagent, lede van hul personeel, of verkopers word binne die afskorting of gebied waar verkopings plaasvind, toegelaat nie behalwe met die toestemming van die Markmeester en enigeen moet onverwyld sodanige afskorting of gebied verlaat indien hy deur die Markmeester daartoe gelas word.

Die merk van houers.

41. Die naam en adres van die afsender moet duidelik en leesbaar in hoofletters op elke houer, of op 'n etiket wat stewig daaraan vasgeheg is, aangebring wees. Alle ander name, adresse of merke, behalwe die naam, adres of merk van die ontvanger en sodanige ander merke of etikette wat wetlik vereis word, moet uitgewis word. Geen artikel mag vir verkoping uitgestal, te koop aangebied of verkoop word tensy die houer aldus gemerk is nie.

Insluiting van houers.

42. Tensy die Markmeester anders gelas of tensy dit deur die markagent of verkoper as 'n verkoopvoorwaarde gestel word, sluit die koopprys van artikels wat in houers verkoop word sodanige houers in. Die Markmeester kan egter gelas dat houers nie van die mark af verwyder mag word nie, of dat dit deur die kopers terugbesorg moet word, of dat 'n deposito wat die Markmeester moet bepaal deur die koper aan die agent of verkoper op enige houer betaal moet word.

Afleweringsbriewe.

43. Enigiemand wat enige artikel na die mark bring of laat bring om dit te koop te laat aanbied, moet sodanige artikel by die aankoms daarvan onmiddellik by die markagent of die Markmeester registreer, wat 'n afleweringsbrief moet uitreik of laat uitreik wat deur hom en sodanige persoon onderteken is en waarop aangedui word—

(*a*) die datum van aankoms;
(*b*) die volle naam en adres van die verkoper;
(*c*) die beskrywing van die artikel;
(*d*) die beskrywing van die houer;
(*e*) die gewig of hoeveelheid;
(*f*) die soort of kwaliteit;
(*g*) die naam of kodemerk van die markagent of ontvanger aan wie sodanige artikel gestuur is;
(*h*) die registrasienommer van die voertuig, indien enige;
(*i*) alle ander besonderhede wat die Markmeester van tyd tot tyd mag vereis.

Die markagent of die Markmeester moet een afskrif van die afleweringsbrief vir rekorddoeleindes hou.

Afleweringsbrief voor veilings ingedien te word.

44. Voordat 'n veiling begin, moet die betrokke markagent of verkoper 'n eensluidende afskrif van 'n behoorlik voltooide afleweringsbrief ten opsigte van die betrokke ware aan die Markmeester oorhandig.

Geleibriewe.

45. Die markagent moet van die Suid-Afrikaanse Spoorweë- en hawensadministrasie 'n afskrif verkry van elke afleweringsbrief of geleibrief wat deur die voormelde Administrasie uitgereik is, asook alle ander besonderhede

(2) Any member of a particular group who, after such separate portion or portions of the market have been set apart, makes use of a portion or portions set apart for another group shall be guilty of an offence.

(3) This section shall not apply to the Market Master, or to any person on the market acting in the course and scope of his duties as an employee of the Council, or of any Government Department, or of any board of control concerned with articles sold or disposed of on the market, or of a market agent and his staff.

Auctions by Market Master.

39. Every article offered for sale or sold by public auction shall be auctioned by the Market Master or by some person authorised by him to do so, and no other person shall organise or conduct any auction sale.

Persons Allowed within Enclosure.

40. Except with the permission of the Market Master no person other than a market official, market agent or members of their staffs, or vendors, shall be allowed within the enclosure or area in which sales are held, and every person shall forthwith leave such enclosure or area when directed to do so by the Market Master.

Marking of Containers.

41. Every container shall have the name and address of the consignor clearly and legibly marked in capital letters on such container or on a label securely attached to it. All other names, addresses or marks, except the name, address or mark of the consignee and such other marks or labels as are required by law to appear, shall be obliterated. No articles shall be displayed for sale, offered for sale or sold unless the container is so marked.

Inclusion of Containers.

42. Unless otherwise directed by the Market Master or unless it be declared a condition of sale by the market agent, or vendor, the purchase price of articles sold in containers shall include such containers. The Market Master may, however, direct that containers shall not be removed from the market, or that they be returned by the buyers, or that a deposit, to be determined by the Market Master, be paid by the buyer to the agent or vendor on any container.

Delivery Notes.

43. Every person bringing or causing to be brought to the market any article to be offered for sale thereon shall, immediately on its arrival, register such article with the market agent or the Market Master who shall issue or cause to be issued a delivery note signed by him and by such person showing—

(*a*) the date of arrival;
(*b*) the full name and address of the vendor;
(*c*) the description of the article;
(*d*) the description of the container;
(*e*) the weight or quantity;
(*f*) the variety or quality;
(*g*) the name or code mark of the market agent or consignee to whom such article is sent;
(*h*) the registration number of the vehicle, if any;
(*i*) any other particulars that may from time to time be required by the Market Master.

The market agent or the Market Master shall retain one copy of the delivery note for record purposes.

Delivery Note to be Delivered before Auctions.

44. Before a sale by auction begins, the market agent or vendor concerned shall hand to the Market Master a true copy of a properly completed delivery note in respect of the goods concerned.

Way-bills.

45. The market agent shall obtain from the South African Railways and Harbours Administration a copy of every delivery note or way-bill issued by the said Administration and any other particulars required by him,

wat hy nodig het, ten opsigte van elke artikel wat deur die voormelde Administrasie by die mark gelewer is, ongeag of sodanige artikel per spoor of per pad vervoer is. Elke markagent moet die voormelde Administrasie magtig om die Markmeester te voorsien van 'n afskrif van elke sodanige afleweringsbrief of geleibrief ten opsigte van artikels wat aan hom gestuur is.

Aflaai by aankoms.

46. Elke artikel wat op die mark te koop aangebied word moet by aankoms aan òf die Markmeester òf 'n markagent oorhandig word, wat dan onmiddellik alle reëlings moet tref wat die Markmeester nodig ag om sodanige artikel te laat aflaai en te plaas in die ruimte of afskorting wat daarvoor voorsien is.

Verkopers by verkope.

47. Geen verkoper mag die Markmeester of markagent help of probeer help met die uitstal of verkoop van sy ware of hom op enige wyse met hulle bemoei of hulle hinder nie. Enige opdrag wat sodanige verkoper wil gee in verband met sodanige ware moet òf mondeling òf, indien die Markmeester dit gelas, skriftelik gegee word voordat die verkope 'n aanvang neem.

Stapeling, rangskikking en uitstalling.

48. (1) Elke markagent of verkoper moet alle reëlings tref wat die Markmeester nodig ag om alle artikels wat hy ontvang op die tyd wat die Markmeester bepaal te plaas, te stapel te rangskik en uit te stal op so 'n wyse dat dit 'n ordelike voorkoms het, opvallend is vir voornemende kopers en voldoende van ander artikels geskei is, hetsy die artikels soortgelyk is en van een en dieselfde verkoper afkomstig is al dan nie. Die Markmeester kan te eniger tyd 'n verkoper of markagent gelas om alle of sommige van sodanige artikels na 'n ander ruimte of afskorting te verwyder, of om dit oor te stapel, te herrangskik of opnuut uit te stal.

(2) Alle lewende pluimvee wat vir verkoping op die mark gebring word, moet in 'n gesonde toestand, vry van siektes en goed vertoon wees in hokke, kratte of kiste, en moet maklik vir die publiek sigbaar wees; die pote mag nie vasgebind wees nie.

Afsondering van produkte.

49. Elke markagent of verkoper moet enige artikel wat te enigertyd bedorwe of beskadig is, of tekens daarvan vertoon, verwyder en doeltreffend afsonder van alle produkte wat hy ontvang, en hy moet sodanige produkte hersorteer of verpak indien dit na die Markmeester se mening nodig is.

Oorstapeling van onverkoopte produkte.

50. Elke markagent of verkoper moet na afloop van elke dag se verkope alle onverkoopte produkte op so 'n wyse oorstapel dat dit 'n ordelike voorkoms het en in so 'n posisie dat dit tydens die volgende dag se verkope vir voornemende kopers duidelik sigbaar sal wees; en hy moet redelike voorsorg tref om te verhoed dat enige oorblywende onverkoopte artikel bederf of beskadig word.

Bekendmaking voor veilings.

51. Voordat 'n openbare veiling 'n aanvang neem, moet die betrokke markagent of verkoper die graad, kwaliteit, toestand, gewig, soort en presiese beskikbare hoeveelheid van die artikels wat te koop aangebied word aan die Markmeester bekend maak. Die Markmeester moet die bekendmaking wat aldus gedoen is en die minimum hoeveelheid wat deur elke koper gekoop moet word aankondig aan alle persone wat die veiling bywoon, en sodanige aankondiging geld as verkoopvoorwaardes saam met alle ander voorwaardes wat die Markmeester van tyd tot tyd oplê.

Prosedure vóór verkopings.

52. Geen artikel mag uitgestal of te koop aangebied word of verkoop word nie voordat die bepalings van artikels 43 en 45, of watter een ook al van toepassing is, nagekom is, of tensy die afleweraar van enige artikel, of die markagent of ander persoon aan wie dit afgelewer is, in besit is van òf die oorspronklike òf 'n eensluidende afskrif van die dokumente waarna in gemelde artikels verwys word, watter ook al van toepassing is. Geen afskrif, behalwe 'n deurslag van die oorspronklike, word as 'n eensluidende afskrif beskou nie tensy dit as sodanig deur die Markmeester gesertifiseer is.

in respect of every article delivered at the market by the said Administration, irrespective of whether such article has been transported by rail or by road. Every market agent shall authorise the said Administration to furnish the Market Master with a copy of every such note or bill, relating to articles consigned to him.

Off-loading of Arrival.

46. Every article offered for sale on the market shall, on arrival, be handed either to the Market Master or to a market agent, who shall immediately make all arrangements deemed necessary by the Market Master to off-load and to place such article in the space or enclosure provided for it.

Vendors at Sale.

47. No vendor shall assist or attempt to assist the Market Master or a master agent with the display or sale of his goods or interfere with or obstruct them in any way. Any instructions that such vendor wishes to give regarding such goods shall be given either verbally, or, if so directed by the Market Master, in writing, before the sale begins.

Stacking, Arrangement and Display.

48. (1) Every market agent or vendor shall make all arrangements deemed necessary by the Market Master to place, stack, arrange and display all articles received by him, at such time as the Market Master may determine and in such a way that they will have an orderly appearance, be conspicious to intending buyers and adequately separated from other articles, whether or not the articles be of the same commodity or come from the same vendor. The Market Master may at any time direct a vendor or market agent to remove some or all of such articles to another space or enclosure, or to re-stack, re-arrange or re-display them.

(2) All live poultry brought upon the market for sale shall be in a healthy condition and free from disease, well exposed in pens, crates, or boxes, well open to public view and not tied by the legs.

Separation of Produce.

49. Every market agent or vendor shall remove and effectively separate from any produce received by him any article which at any time is, or shown signs of being, deteriorated or damaged, and shall re-sort or re-pack such produce, if in the opinion of the Market Master, it is necessary to do so.

Re-Stacking of Unsold Produce.

50. Every market agent or vendor shall, at the conclusion of each day's sales, re-stack all unsold produce in such a way as to give it an orderly appearance, and in a position from which it will be clearly visible to intending buyers during the following day's sales, and shall take every reasonable precaution to prevent deterioration of or damage to any article remaining unsold.

Declaration before Auction.

51. Before a sale by public auction begins, the market agent or vendor concerned shall declare to the Market Master the grade, quality, condition, weight, variety and exact quantity available of the articles offered for sale. The Market Master shall announce the declaration so made, together with the minimum quantity that shall be bought by each buyer, to all persons attending the sale, and such announcement shall constitute the conditions of sale, together with such other conditions as the Market Master may from time to time impose.

Procedure before Sales.

52. No article shall be displayed or offered for sale or sold until the provisions of sections 43 and 45 or, whichever may be applicable, have been complied with, or unless the deliverer of any article, or the market agent or other person to whom it has been delivered, have in their possession either the original or a true copy of the documents referred to in the said sections, whichever may be applicable. No copy, except a carbon copy of the original shall be deemed to be a true copy unless certified as such by the Market Master.

Prosedure by veilings.

53. (1) Elke artikel wat per openbare veiling te koop aangebied word, word geag aan die hoogste bieër verkoop te wees nadat die woord „ toegewys " deur die afslaer ten opsigte van die artikel uitgespreek is, mits die markagent of verkoper bereid is om die prys wat behaal is te aanvaar. Indien nie, moet die markagent of verkoper die reserweprys aan die afslaer bekend maak, en die afslaer moet sodanige prys aankondig aan alle persone wat die verkoping bywoon en die hoogste bieër kan daarna sodanige prys aanvaar of verwerp. Daarna en mits die hoogste bieër die artikel teen die reserweprys aanneem en nie die hele klomp koop nie, kan ander persone wat die verkoping bywoon teen sodanige bekendgemaakte reserweprys koop wat hulle nodig het. Wanneer 'n prys bekend gemaak is, soos hierbo beskryf is, mag dit nie gewysig word nie en die aanvanklike verkoopvoorwaardes mag geensins verander word nie tensy die Markmeester se toestemming vooraf verkry is.

(2) Wanneer 'n markagent of verkoper weier om die hoogste bod te aanvaar wat by die veiling as verkoopprys vir enige artikel verkry is, moet hy 'n reserweprys bekend maak. Die hoogste bod, tesame met die reserweprys, moet deur die afslaer op die markverkoopbrief aangeteken word en indien niks teen sodanige reserweprys verkoop word nie, moet die woorde „ onverkoop " deur die afslaer op die markverkoopbrief aangeteken word, wat dan as 'n „ onverkoop "-markbrief beskou word.

(3) Indien geen aanbod ontvang word vir 'n artikel wat te koop aangebied word nie, moet die afslaer 'n „ geen aanbod "-markbrief ten opsigte daarvan uitreik deur die woorde „ geen aanbod " op die markverkoopbrief aan te bring.

(4) Bieëry moet in antwoord op die Markmeester se versoek om hoër botte geskied, en die bedrae van sodanige botte moet deur die Markmeester gereël word.

(5) Die Markmeester se beslissing oor wie die hoogste bod gebie het, is afdoende en bindend.

Afsonderlike verkoopbriewe.

54. Elke markagent of ontvanger wat artikels te koop aanbied moet elke besending produkte wat hy van verkopers ontvang, of namens hulle te koop aanbied, afsonderlik verkoop en afsonderlike markverkoopbriewe daarvoor verkry, ongeag of sodanige besendings soortgelyk en van een en dieselfde verkoper afkomstig is.

Markverkoopbriewe by veiling.

55. (1) Die Markmeester moet ten tyde van 'n openbare veiling 'n markverkoopbrief opstel waarop aangedui word—

(*a*) die nommer van die afleweringsbrief;
(*b*) die volle naam van die verkoper;
(*c*) die naam of kodemerk van die markagent;
(*d*) die datum waarop die veiling gehou word;
(*e*) 'n beskrywing van die artikel en houer;
(*f*) die soort;
(*g*) die graad;
(*h*) die plek van herkoms;
(*i*) die gewig of hoeveelheid wat ontvang is;
(*j*) die hoeveelheid wat vir verkoping beskikbaar is;
(*k*) die kwaliteit;
(*l*) die prys per eenheid;
(*m*) die naam of nommer van die koper;
(*n*) enige ander inligting wat hy goeddunk om by te voeg.

(2) Die Markmeester moet die betrokke markagent of verkoper voorsien van 'n afskrif van elke sodanige brief sodra die besending of deel daarvan verkoop is of, indien dit nie verkoop word nie, met 'n „ onverkoop "- of „ geen aanbod "-markbrief, na gelang van die geval, voordat die Markmeester aangaan na die volgende besending.

Gelde wanneer „ onverkoop "- en „ geen aanbod-" markbriewe uitgereik word.

56. 'n Bedrag van 5 (vyf) sent word gehef vir elke „ geen aanbod "- en „ onverkoop "-markbrief wat uitgereik word.

Procedure at Auction.

53. (1) Every article offered for sale by public auction shall be deemed to be sold to the highest bidder after the word " Gone " has been declared by the auctioneer in respect of such article, provided that the market agent or vendor is willing to accept the price so realised. If not, the market agent or vendor shall declare the reserve price to the auctioneer, and the auctioneer shall announce such price to all persons attending the sale, and the highest bidder may thereafter accept or reject such price. Thereafter, provided the highest bidder accepts the article at the reserve price and does not purchase the lot, other persons attending the sale may obtain their requirements at such declared reserve price. Once a price has been declared as described above, it shall not be changed, and the original conditions of sale shall not be changed in any way, except with the prior permission of the Market Master.

(2) If the market agent or vendor refuses to accept the highest bid obtained at the sale as a selling price for any article, he shall declare a reserve price. The highest bid, together with the reserve price, shall be inscribed on the market sales note by the auctioneer, and if no sale is made at such reserve price, the words " Not sold " shall be inscribed by the auctioneer on the market sales note, which shall then be deemed to be a " No sale " market note.

(3) If no offer is made for an article offered for sale, the auctioneer shall issue a " No offer " market note in respect thereof, by inscribing on the market sales note the words " no offer ".

(4) Bidding shall be in response to the Market Master's call for higher bids, the amount of such bids shall be regulated by the Market Master.

(5) The decision of the Market Master as to the highest bidder shall be final and binding.

Separate Sales Notes.

54. Every market agent or consignor offering articles for sale shall sell separately, and obtain separate market sales notes for, every consignment of produce received from vendors, or which he sells on their behalf, notwithstanding the fact that such consignments may be the same commodity and from the same vendor.

Market Sales Note at Auction.

55. (1) The Market Master shall, at the time of a sale by public auction, prepare a market sales note, having inscribed thereon—

(*a*) the number of the delivery note;
(*b*) the full name of the vendor;
(*c*) the name or code-mark of the market agent;
(*d*) the date on which the sale is held;
(*e*) a description of the article and container;
(*f*) the variety;
(*g*) the grade;
(*h*) the place of origin;
(*i*) the weight or quantity received;
(*j*) the quantity available for sale;
(*k*) the quality;
(*l*) the price per unit;
(*m*) the name or number of the buyer;
(*n*) such other information as he may see fit to add.

(2) The Market Master shall provide the market agent or vendor concerned with a copy of every such note as soon as the consignment or part thereof is sold or, if it is not sold, with a " No sale " or " No offer " market note as the case may be before the Market Master passes on to the next consignment.

Dues When " No Offer " and " Not Sold " Market Notes Issued.

56. A charge of 5 (five) cents will be made for every " No offer " and every " No sale " market note issued.

Wysigings op markverkoopbriewe.

57. Die afslaer moet elke wysiging op 'n markverkoopbrief parafeer en die Markmeester moet die brief wat aldus gewysig is medeonderteken nadat hy hom aangaande die rede vir sodanige wysiging oortuig het.

Uitreik van dokumente.

58. Niemand, behalwe die Markmeester of 'n persoon wat deur hom daartoe gemagtig is, mag markverkoopbriewe of enige ander dokumente wat op verkope betrekking het, uitreik of laat uitreik nie.

Herveiling.

59. Wanneer die afslaer 'n artikel op die hoogste bieër toegeslaan het en die verkoping deur die markagent of verkoper bevestig is en die hoogste bieër sy benodigdhede verkry het, en 'n aantal ander kopers wat die veiling bywoon dan versoek om teen dieselfde prys bedien te word, kan die afslaer die oorblywende gedeelte van die besending weer opveil indien dit na sy mening voordelig sal wees om dit te doen. Nòg die Markmeester nòg die Raad is egter aanspreeklik indien 'n laer prys betaal word wanneer die artikel weer te koop aangebied word, maar die Markmeester of die markagent of verkoper het die reg om 'n reserweprys gelyk aan die oorspronklike hoogste bod op die artikel te plaas indien 'n bod wat laer is as die oorspronklike hoogste bod ontvang word wanneer die artikel weer opgeveil word.

Twyfel en geskille.

60. Indien die Markmeester twyfel oor die hoogste bod of oor wie dit gebie het, of indien die persoon op wie 'n artikel toegeslaan is die verkoping onmiddellik betwis, moet die artikel weer opgeveil word en nòg die Raad nòg die Markmeester is aanspreeklik vir enige verlies wat uit sodanige herveiling ontstaan.

Weiering om bod te aanvaar.

61. Die Markmeester het die mag om te weier om botte te aanvaar van enige persoon wat die markprosedure belemmer of vertraag of hom daarmee inmeng of nie gehoor gee aan die Markmeester se opdragte nie, of wat in gebreke bly met die betaling vir artikels wat op die mark gekoop is.

Die Markmeester se beslissing is afdoende.

62. Die Markmeester se beslissing oor botte en alle sake wat met verkope in verband ttaan, is afdoende en bindend.

Twyfel oor besit.

63. Die Markmeester kan weier om enige artikel op te veil indien hy rede het om te glo dat sodanige artikel nie die verkoper se eiendom is nie, of hy kan sodanige artikel opveil op voorwaarde dat die opbrengs van die opveiling in sy besit bly tot tyd en wyl hy oortuig is betreffende die besit van die artikel, en nòg hy nòg die Raad is aanspreeklik vir enige verlies of skade wat enigiemand mag ly as gevolg van sodanige weiering om te verkoop of verkoping op die voorwaarde wat hierbo uiteengesit is.

Afhaal en aflewering.

64. Elke koper is verantwoordelik vir die afhaal van sy aankope sodra dit gereed is vir aflewering aan hom en elke markagent of verkoper is verantwoordelik vir die aflewering aan die koper van sy aankope sodra hy die prys betaal het of sodra die markagent of verkoper deur die Markmeester daartoe gelas word. Die markagent of verkoper is verantwoordelik vir die aflewering aan die koper van die hoeveelheid, gewig, kwaliteit, graad, soort en houer, na gelang van die geval wat hy gekoop het, en die koper is geregtig om van die markagent of verkoper te eis en deur hom vergoed te word vir enige verlies of ongerief wat gely is omdat die markagent of verkoper nie hierdie bepalings nagekom het nie.

Weiering deur koper om te ontvang.

65. (1) Elke koper van enige artikel is verplig om die koopprys daarvan aan die Markmeester te betaal, maar indien die koper weier om sodanige artikels te neem, aan te neem of te ontvang, is die Markmeester geregtig om in gevalle waar die ware nie meer ooreenkomstig paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel 71 opgeveil word

Alterations in Market Sales Notes.

57. The auctioneer shall initial every alteration in a market sales note, and the Market Master shall, after satisfying himself as to the reason for such alteration, countersign the note so altered.

Issue of Documents.

58. No person other than the Market Master, or a person authorised by him to do so, shall issue or cause to be issued market sales notes or any other documents relating to sales.

Re-auction.

59. If, after the auctioneer has knocked an article down to the highest bidder, and the sale is confirmed by the market agent or vendor, and the highest bidder has obtained his requirements, and a number of other buyers attending the sale ask to be served at the same price, the auctioneer may put the rest of the consignment up again for auction if, in his opinion, it will be advantageous to do so. No responsibility shall, however, devolve upon the Market Master or the Council should a lower price be realised when the article is again put up for sale, but the Market Master or the market agent or vendor shall have the right to place a reserve price equivalent to the original highest bid on the article if a bid lower than the original highest bid is received when the article is re-auctioned.

Doubts and Disputes.

60. If the Market Master is doubtful as to the highest bid or bidder or if the person to whom an article is knocked down immediately disputes the sale, the article shall again be put up for sale, and no responsibility shall devolve on the Council or the Market Master for any loss resulting from such re-sale.

Refusal to Accept Bid.

61. The Market Master shall have the power to refuse to accept bids from any person who obstructs, delays, interferes with the market procedure or disobeys instructions of the Market Master, or who may be in default in payment for articles purchased on the market.

Market Master's Decision Final.

62. The decision of the Market Master as regards disputes on bids and all matters connected with sales shall be final and binding.

Doubts as to Ownership.

63. The Market Master may refuse to put any article up for sale if he has reason to believe that such article is not the property of the vendor, or he may put such article up for sale on condition that the proceeds of the sale remain in his possession until such time as he has been satisfied as to the ownership of such article, and neither he nor the Council shall be liable for any loss or damage caused to any person by any such refusal to sell, or sale made on the condition above set out.

Collection and Delivery.

64. Every buyer shall be responsible for collecting his purchases as soon as they are ready for delivery to him, and every market agent or vendor shall be responsible for delivering to the buyer his purchases as soon as he has paid the price, or as soon as such market agent or vendor is directed to do so by the Market Master. The market agent or vendor shall be responsible for delivering to the buyer the quantity, weight, quality, grade, variety and container, as the case may be, purchased by him, and the buyer shall be entitled to claim from and be compensated by the market agent or vendor for any loss or inconvenience suffered as a result of non-compliance by the market agent or vendor with these provisions.

Refusal by Buyer to Accept Delivery.

65. (1) Every buyer of any articles shall be bound to pay to the Market Master the purchase price thereof, but in case the buyer refuses to take, accept or receive such articles the Market Master in cases where the goods are not again put up for sale in terms of paragraph (*a*) of subsection (1) of section 71, shall be entitled to withhold the

nie, die koopprys van die verkoper te weerhou in afwagting van die skikking van enige geskil en/of die vervolging van die koper voor 'n landdros vir die oortreding van hierdie verordeninge.

(2) Indien enige koper in gebreke bly om te betaal vir artikels wat hy gekoop het of om te voldoen aan die vereistes van enige ander bepaling van hierdie verordeninge met betrekking tot verkope of waar hy artikels by die Markmeester of 'n markagent of 'n verkoper agtergelaat het, kan die Markmeester gelas dat sodanige artikels weer verkoop word op 'n wyse wat hy gerade ag, en die wanbetalende koper is verantwoordelik vir enige verlies wat as gevolg van sodanige herverkoop gely word plus sodanige bedrae en gelde wat ingevolge hierdie verordeninge betaalbaar mag wees. Enige wins wat uit sodanige herverkoop voortspruit, is vir die Raad se rekening.

(3) Die Markmeester kan in die geval van sodanige verlies, wanneer hy besonderhede daarvan van die betrokke markagent of verkoper ontvang, weier om enige verdere botte van sodanige wanbetalende koper te ontvang.

(4) Geen sodanige wanbetalende koper mag in gebreke bly of weier om enige tekort wat deur hom betaalbaar is op die Markmeester se aanvraag te betaal nie, of enige ander persoon benoem om namens hom te koop of sy naam gebruik ten einde artikels te verkry nie.

(5) Nòg die Raad nòg die Markmeester is aanspreeklik vir enige fout in verband met enige artikel wat deur 'n wanbetalende koper by 'n markagent of verkoper of op die mark agtergelaat word nie, of vir enige foutiewe beskrywing, tekort of oorskot in hoeveelheid of gebrek aan kwaliteit, of vir enige verlies, skade of ongerief wat deur sodanige wanbetalende koper gely word nie.

Koop en verkoop deur die Raad se werknemers.

66. Niemand wat in die Markafdeling by die Raad in diens is, mag vir enige artikel op die mark bie of dit koop of verkoop nie behalwe in sy amptelike hoedanigheid waarvoor daar in hierdie regulasie voorsiening gemaak word, en hy mag ook nie direk of indirek belang hê by die koop of verkoop van enige artikel wat op die mark verkoop of te koop aangebied word nie, behalwe wat hy te goeder trou vir sy private verbruik of gebruik nodig het.

Bieëry deur verkopers en markagente.

67. Geen verkoper of persoon wat by hom in diens is, mag bie vir enige artikel wat deur die verkoper op die mark gebring is nie en geen markagent mag, behalwe op die wyse voorgeskryf by artikel *vyftien* van die Wet op die verkoop van Bederfbare Landbouprodukte, 1961 (Wet No. 2 van 1961), enige artikel wat vir verkoping aan sodanige markagent toevertrou is of wat hy per veiling te koop aanbied, op die mark koop nie hetsy by veiling of uit die hand: Met dien verstande dat die Markmeester geen persoon mag toelaat om sodanige artikels te koop teen 'n prys wat laer is as die waarteen hulle by sodanige veiling toegeslaan en verkoop is nie.

Beheerde prys.

68. Wanneer die prys van 'n artikel wat per veiling te koop aangebied word deur wetgewing beheer of bepaal is en die maksimum prys wat aldus voorgeskryf is aangebied word deur persone wat die veiling bywoon, moet die artikel verkoop word aan die persoon wat die eerste die maksimum beheerde prys aangebied het. Indien meer as een persoon tegelykertyd die maksimum beheerde prys aanbied, moet die Markmeester òf die openbare veiling kanselleer en gelas dat die artikel per onderhandse ooreenkoms deur die betrokke markagent teen die maksimum beheerde prys verkoop word aan die persone wat die openbare veiling bygewoon het en wel op so 'n wyse dat elke persoon 'n billike aandeel van die beskikbare voorraad kry, òf die onderhawige artikel op 'n wyse wat hy bepaal teen die maksimum beheerde prys onder die bieërs verdeel.

purchase price from the vendor pending the settlement of any dispute and/or the prosecution of the buyer before the magistrate for breach of these by-laws.

(2) If any buyer fails to pay for articles purchased by him or to comply with any other provision of these by-laws relating to sales or has left articles on the hands of the Market Master, or a market agent, or a vendor, the Market Master may direct that such articles be sold again in such manner as he may deem expedient, and the defaulting buyer shall be responsible for any loss on such re-sale, plus such dues and charges as may be due in terms of these by-laws. Any profit on such re-sale shall be for the account of the Council.

(3) The Market Master may in the event of any such loss, and on receiving particulars thereof from the market agent or vendor concerned, refuse to take any more bids from such defaulting buyer.

(4) No such defaulting buyer shall fail or refuse to pay on demand by the Market Master any deficiency due by him, or appoint any other person to buy on his behalf or use the name of any other person in order to obtain articles.

(5) Neither the Council nor the Market Master shall be liable for any error in connection with any article left on the hands of a market agent or vendor, or on the market by a defaulting buyer, or for any wrong description, shortage or excess in quantity or lack of quality, or for any loss, damage or inconvenience suffered by such defaulting buyer.

Purchase and Sale by Council Employees.

66. No person employed by the Council in the Market Department shall bid for or purchase or sell, otherwise than in his official capacity as in this regulation provided, any article on the market, or be directly or indirectly interested in the sale or purchase of any article sold or offered for sale on the market, save such as he may bona fide require for his private consumption or use.

Bidding by Vendors and Market Agents.

67. No vendor or person employed by him shall bid for any article brought onto the market by him, and no market agent or person employed by him shall buy, whether at an auction or by private treaty, any article entrusted to such market agent for sale, or which he is offering for sale by auction, save in the manner prescribed under section *fifteen* of the Perishable Agricultural Produce Sales Act, 1961 (Act No. 2 of 1961): Provided that the Market Master shall not allow any person to purchase such articles at a price lower than that at which they were knocked down and sold at such auction sale.

Controlled Price.

68. When the price of an article offered for sale by auction is controlled or fixed by law, and the maximum price so prescribed is offered by persons attending the sale, the article shall be sold to the person who first made the bid of the maximum controlled price. Should more than one person make a bid at the maximum controlled price simultaneously, the Market Master shall either cancel the public auction sale and direct that the article be sold by private treaty at the maximum controlled price by the market agent concerned to the persons who attended the auction sale, in such manner that each person receives a fair share of the available supply, or the Market Master may distribute the article in question at the maximum controlled price among the bidders in a manner to be determined by him. No person shall withhold such article from sale unless directed to do so by the Market

Niemand mag sodanige artikel van verkoping terughou nie tensy hy deur die Markmeester gelas is om dit te doen en niemand mag sodanige artikel te koop aanbied of verkoop teen 'n prys wat hoër as die maksimum beheerde prys is nie, of sodanige artikel saam met ander artikels te koop aanbied of verkoop wat nie aan beheerde pryse onderworpe is nie.

Ongemagtigde verkope.

69. Niemand wat enige produk of artikel per openbare veiling op die mark gekoop het mag sodanige produk of artikel binne die grense van die mark verkoop nie, tensy hierdie verordeninge anders daarvoor voorsiening maak.

Markagente moet aan verkoper rekenskap gee.

70. Elke markagent moet by die ontvangs van elke artikel of besending wat aan hom afgelewer word, daarvoor teken, en hy is aan die verkoper verantwoordelik vir die hoeveelheid wat op die afleweringsbrief aangedui word en hy moet op die wyse wat deur die Markmeester bepaal word aan die verkoper rekenskap van sodanige hoeveelheid gee.

Betaling van koopprys.

71. (1) (*a*) Die koper moet in elke geval die prys waarteen enige artikel op hom toegeslaan is in kontant aan die Markmeester betaal onmiddellik nadat die woord „toegewys" uitgespreek is: Altyd met dien verstande dat, indien kontantbetaling nie onmiddellik na die verkoop van die artikel geskied nie, die Markmeester na goeddunke die artikel dadelik weer te koop kan aanbied en die vorige verkoping nietig kan verklaar, in welke geval sodanige verkoping geag word nooit plaas te gevind het nie en die wanbetalende koper is dan strafbaar vir 'n oortreding van hierdie verordeninge.

(*b*) Nieteenstaande die voorwaardes wat in die voorgaande subartikel vervat is, kan die Raad 'n koper toelaat om—

(i) die koopprys teen 'n latere deur die Raad gemagtigde uur te bepaal, welke uur nie later as 1 nm. van die eersvolgende markdag mag wees nie en versuim om sodanige koopprys voor of op die bepaalde uur te betaal, stel 'n koper bloot aan 'n boete van 5 persent van die koopprys;

(ii) produkte of artikels op rekening by die Raad te koop; die datum waarop betaling van die koopprys moet geskied moet vooraf onderling deur die Raad en die koper gereël word.

(*c*) Geen uitstel van betaling ingevolge die voorgaande subartikel vir aankope word aan enige koper verleen nie tensy hy 'n waarborg tot bevrediging van die Stadstesourier aan die Markmeester verskaf het.

(*d*) Die Raad is geregtig om rente teen ses persent per jaar van 'n koper te eis op alle betalings ingevolge paragraaf (*b*) van hierdie subartikel wat agterstallig is.

(2) Die Markmeester kan namens die Raad enige verskuldigde en betaalbare bedrag eis van, daarvoor dagvaar en dit verhaal op persone aan wie hy in sy hoedanigheid van Markmeester enige artikel verkoop het.

Markgelde.

72. (1) Die Markmeester moet alle markgelde en bedrae wat aan die Raad verskuldig is, aftrek van die opbrengs van artikels wat na die mark gebring word.

(2) Die gemelde markgelde is 'n *ad valorem*-heffing van 5c per rand (5 persent).

(3) Die werklike verkoopprys word beskou as die waarde van elke artikel wat verkoop word; die hoogste bod word beskou as die waarde van 'n artikel wat te koop aangebied maar nie verkoop word nie en die hoogste verkoopprys van 'n soortgelyke artikel op dieselfde dag word beskou as die waarde van 'n artikel wat nie te koop aangebied word nie. Volle markgelde wat op die werklike verkoopprys gebaseer is, of op die waarde van die artikel wat ingevolge die hierin uiteengesette bepalings bereken is, wat ook al die hoogste is, moet ook betaal word wanneer onverkoopte artikels van die mark verwyder word en geen artikel of produk mag sonder die Markmeester se voorafverkreë toestemming verwyder word nie.

(4) Die Markmeester kan afstand doen van markgelde op artikels wat buite die mark verkoop is maar in of op 'n voertuig op die mark gebring word en nie namens die

Master, and no person shall offer for sale or sell such article at a price in excess of the maximum controlled price, or offer for sale or sell such article jointly with other articles that are not subject to controlled prices.

Unauthorised Sales.

